higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

**NKR VLAK 4**

(4101064)

**16 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 3 bylaes en 4 antwoordblaaie.**

NCV

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 120**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

2. ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Korter en intermediêre funksionele teks: | 50 |
| AFDELING B: Langer funksionele en reflektiewe skryfwerk: | 70 |
| GROOTTOTAAL: | 120 |

3. Beantwoord die vraag in AFDELING A en EEN van die twee vrae in AFDELING B.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk gedoen word. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

8. Begin AFDELING B se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

9. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD te skryf en dit saam met jou ANTWOORDBOEK in te gee.

10. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

11. Beplan jou tyd.

12. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

## VRAAG 1

### 1.1 AANSOEKBRIEF

ADMINISTRATIEWE KLERK
Bemarkingsagentskap in Midrand/Centurion omgewing is op soek na 'n administratiewe beampte om die eienaar by te staan met administrasie en verspreiding van korporatiewe bemarkingsitems.
Posvereistes: 3 jaar-kollege sertifikaat, eie vervoer en kode 8-lisensie 'n aanbeveling, georganiseerd, sprankelende geaardheid, goeie kommunisievaardighede, moet bereid wees om selfstandig vanuit 'n huiskantoor te werk.
Werksure: 08:30 – 16:00 (weeksdae)
Salaris: R8 500 plus kommissie
Navrae: Me. Rone - 086 618 0111
E-pos CV na rone@officeangels.co.za



[Uit: https:google receptionist animation]

**SITUASIE**
Op 30 November 2018 verskyn die bostaande advertensie in die plaaslike koerant. Jy is nou amper klaar met jou Vlak 4-eksamen en is dringend op soek na werk. Jy stel belang in bemarking en hou van administratiewe take.

**OPDRAG**
Skryf 'n AANSOEKBRIEF (100–120 woorde) vir die pos as administratiewe klerk. Verduidelik waarom jy vir hierdie pos wil aansoek doen en wat jou die ideale kandidaat vir hierdie pos maak. Beklemtoon jou kwalifikasies, vaardighede en beste karaktereienskappe. Stel jouself beskikbaar vir 'n onderhoud. Noem dat jy jou CV insluit. Skryf die aansoekbrief aan Me. Rone.

Maak gebruik van die riglyne vir die uitleg en formaat van 'n formele brief op BYLAE A (aangeheg). Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 10 | 6 | 4 |

(20)

1.2 **CURRICULUM VITAE (CV)**

**SITUASIE**
Wanneer jy aansoek doen word vir 'n pos, moet jy 'n volledige CV by die aansoek insluit sodat die maatskappy volledige, relevante inligting van jou as kandidaat kan hê.

Gebruik die situasie in VRAAG 1.1 as agtergrond in die beantwoording van hierdie vraag.

**OPDRAG**
Stel jou CV saam vir die pos waarvoor jy in VRAAG 1.1 aansoek gedoen het. Maak gebruik van die riglyne vir die uitleg en vereistes vir 'n volledige CV wat op BYLAE B (aangeheg) verskaf word. Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 24 | 3 | 3 |

(30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

Doen EEN vraag uit hierdie afdeling. VRAAG 2.1 en 2.2 OF VRAAG 3.1 en 3.2.

LET WEL: Elke vraag bestaan uit TWEE dele wat albei gedoen moet word.

## VRAAG 2

### 2.1 BRIEF AAN DIE PERS



**SITUASIE**

Die kurrikulum vir Lewensoriëntering Vlak 4 vereis dat studente 'n gemeenskapsprojek binne hul gemeenskap moet ondersteun. Jy en 'n vriend/vriendin het besluit om julle plaaslike munisipaliteit te besoek om sodoende meer inligting oor projekte in julle gemeenskap te verkry. Om die burgemeester se kantoor op die derde vloer te bereik, moes julle egter van drie stelle trappe gebruik maak. Daar was geen hysers of opritte vir rolstoele beskikbaar nie, terwyl jou vriend/vriendin gestremd en van 'n rolstoel afhanklik is. Geeneen van die omstanders was bereid om julle te help om die kantore te bereik nie.

Hierdie ervaring het jou laat besef hoe onbetrokke die publiek en hoe ontoeganklik openbare instansies steeds vir gestremdes is. Jou vriend/vriendin noem dat gestremdes gereeld soortgelyke ervarings ondervind. Jy voel dat meer gedoen kan word om gestremdes in die gemeenskap te ondersteun.

**OPDRAG**

Skryf 'n BRIEF (120 – 180 woorde) aan die plaaslike koerant waarin jy duidelik sê hoe onsteld jy oor hierdie saak voel.

- Verwys na die onbetrokkenheid van die publiek oor die hantering van gestremdes, asook die ontoeganklikheid van openbare instansies vir gestremdes.
- Noem minstens TWEE voorbeelde van soortgelyke ervarings wat jou vriend/vriendin of ander gestremdes daagliks ondervind.
- Verskaf TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleme deur te verduidelik hoe jy dink dat die publiek meer bewus gemaak kan word van gestremdes se ongerief en hoe die publiek gestremdes kan ondersteun.
- Noem TWEE praktiese voorbeelde hoe openbare instansies meer toeganklik vir gestremdes kan wees.
- Sluit die brief af met ‘n sterk slot.

Gebruik die riglyne vir die uitleg van 'n formele brief op BYLAE C (aangeheg).

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 18 | 8 | 4 |

(30)

2.2 **TERUGVOERVERSLAG**

**SITUASIE**

Jy is die voorsitter van die studenteraad van jou kollege. Na aanleiding van die situasie wat in VRAAG 2.1 beskryf word, het die hoof van jou kollege die studenteraad versoek om die toeganklikheid van die kollege vir gestremdes te ondersoek. Jy wil graag 'n verskil in die lewens van ander, veral gestremdes, maak en doen 'n deeglike ondersoek van die saak. Tydens jou ondersoek, voer jy onderhoude met gestremdes om probleemareas op die terrein te identifiseer, verkry inligting oor probleme wat hulle op die kampus ondervind en ondersoek voorstelle oor moontlike oplossings vir die probleme wat hulle op die kampus ondervind.

**OPDRAG**

Skryf 'n VERSLAG (250 – 350 woorde) op die memorandumvorm op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER boaan elke bladsy en dien dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

- Begin met die agtergrond waarin jy beskryf duidelik beskryf hoe jy bewus geword het van die kwessie. Verwys na die doel van jou verslag en noem wie betrokke was en wanneer. Noem kortliks wat die bestaande fasiliteite by die kollege is.
- Verwys na TWEE praktiese probleemareas wat gestremdes op die terrein en by geboue ondervind.
- Noem TWEE moontlike voorstelle om hierdie probleme aan te spreek sodat die kollege meer toeganklik vir gestremdes sal wees.
- Noem TWEE wetlike riglyne waaraan die terreinuitleg behoort te voldoen.
- Maak aanbevelings sodat die kollege aan hierdie riglyne kan voldoen.
- Noem VIER moontlike projekte wat die studenteraad kan onderneem om studente meer bewus te maak van gestremdes se situasie en waardeur studente meer betrokke by gestremdes kan raak.
- Sluit jou verslag af met ‘n gevolgtrekking nav navorsing.

**ASSESSERINGSKAAL**


| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 29 | 8 | 3 |

(40)
**[70]**

**OF**

## VRAAG 3

### 3.1 RESENSIE




**SITUASIE**

As omroeper by die kollege se radiostasie, kry jy gereeld die geleentheid om na nuwe musiekvrystellings te luister. Kunstenaars stuur graag hul nuutste CD's na die radiostasie en hoop dat hul musiek so bekend sal word.

Jy is 'n groot aanhanger van plaaslike kunstenaars en luister graag na 'n groot verskeidenheid musiek. Jy voel soms dat kunstenaars hul bewonderaars se intelligensie beledig deur die lirieke van hul liedjies. Daar is egter ook kunstenaars wat geniaal omgaan met musiek en wat musiek van hoogstaande gehalte maak.

**OPDRAG**

Skryf 'n RESENSIE (120–180 woorde) vir die kollege se nuusbrief oor 'n nuwe musiekvrystelling waarvan jy die CD in die hande gekry het. Kies EEN van bogenoemde CD's om jou resensie oor te skryf.


- Begin met 'n kreatiewe opskrif wat die leser aanmoedig om die CD te koop of nie. Naam van kunstenaar en genre.
- Verwys na die inhoud van die lirieke wat hierdie CD so uniek, vervelig, swak of gemiddeld maak.
- Noem die prys en sê of dit goeie waarde vir geld is of nie.
- Vergelyk met soortgelyke musiek: Sê hoekom hierdie CD volgens jou beter of slegter is as ander op die mark.
- Moedig die studente aan om hierdie CD te koop of waarsku hulle om dit nie te koop nie.
- Waar dit bestel kan word. (adres/kontakbesonderhede)

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 18 | 8 | 4 |

(30)

3.2 **BEREDENEERDE VERSLAG**




**SITUASIE**

Volgens die *Rapport* van 9 Julie 2017 gaan meer as 10 miljoen ton kos jaarliks in Suid-Afrika verlore weens vermorsing, terwyl duisende studente daagliks honger kollege toe kom en daarom nie optimaal kan studeer nie.

Jy is 'n lid van die Studenteraad wat moet kyk na studentesake en het besluit om die saak by die kampushoof aan te meld. Jy voel dat meer gedoen kan word om studente te ondersteun. Baie van hulle het nie kos om te eet nie, terwyl 'n massa eetbare kos vermors word. Die kampushoof het jou gevra om die kwessie te ondersoek en dat jy aanbevelings moet maak oor hoe behoeftige studente toegang kan kry tot kos, terwyl die onnodige vermorsing van kos ook aangespreek word. Jy moet 'n verslag oor jou navorsing in memorandumformaat saamstel en teen 23 November 2018 aan die kampushoof oorhandig. Jy moet ook jou finale mening oor die saak in jou verslag aanteken.

Kopiereg voorbehou 

**OPDRAG**

Skryf 'n BEREDENEERDE VERSLAG (250 – 350 woorde) wat jy by die kampushoof gaan indien op die memorandumvorm op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER boaan elke bladsy en dien dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

- Begin met 'n inleiding waarin jy die probleem/saak duidelik en feitelik uiteensit.
- Verwys in jou verslag na minstens TWEE ondersoekmetodes wat jy gebruik het.
- Gee argumente oor die probleme en gee bewyse wat die argumente ondersteun.
- Maak TWEE aanbevelings bv. hoe behoeftige studente toegang tot kos kan kry en hoe vermosing voorkom kan word.
- Jou verslag moet afgesluit word met 'n duidelike logiese gevolgtrekking.

**ASSESSERINGSKAAL**

| INHOUD | TAAL EN STYL | FORMAAT |
|---|---|---|
| 28 | 8 | 4 |

(40)
**[70]**

**TOTAAL AFDELING B: 70**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou

## BYLAE A

## VRAAG 1.1: UITLEG VAN 'N AANSOEKBRIEF

Sender se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode

x x x x x x x
Datum

OF

Datum

x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

NCV

**BYLAE B**

**VRAAG 1.2: UITLEG VAN 'N CURRICULUM VITAE (CV)**

**OPSKRIF (X)**

**Persoonlike besonderhede: (X)**

Noem persoonlike besonderhede in blokvorm.

**Kwalifikasies: (X)**

Noem kwalifikasies in blokvorm. Begin met die mees onlangse kwalifikasie.
Sportkwalifikasies / Ander

**Ondervinding: (X)**

Noem toepaslike ondervinding in blokvorm. Begin met die mees onlangse ondervinding en noem WAT dit behels, WAAR dit gedoen is, WANNEER en WIE in beheer was.

**Getuigskrifte: (X)**
Noem getuigskrif(te) wat aangeheg is Verwys na WIE die getuigskrif(te) geskryf het.

**Verwysings: (X)**

Noem minstens 2 verwysings met al die nodige kontakbesonderhede.

**Verklaring: (X)**

Verklaar dat die inligting op die CV na die beste van jou wete korrek en volledig is.
Teken en skryf die datum by.

Kopiereg voorbehou 

**BYLAE C**

**VRAAG 2.1: UITLEG VAN 'N BRIEF AAN DIE PERS**

Sender se adres

DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode

x x x x x x x
Datum OF Datum
x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

OF

Jy mag 'n skuilnaam in plaas van jou eie naam gebruik, maar volg dieselfde uitleg as vir 'n formele brief. Die afsluiting van die brief is dan as volg:

SKUILNAAM

Handtekening

VOORLETTERS EN VAN of NAAM EN VAN

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG**

**MEMORANDUM**

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG**

**MEMORANDUM**

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

NCV

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP AL DIE ANTWOORDBLAAIE TE SKRYF EN DIT SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE DIEN.**

Kopiereg voorbehou